

Harde realiteite rondom dieselrabat-eise

Lees hierdie hele dokument asseblief AANDAGTIG deur. Dit bevat inligting wat potensieel die verskil tussen sukses en mislukking met u dieselrabat-eise en oudits kan beteken. Dit oorvleuel wel met ons 2016 “Moet lees” dokument, maar daar is ‘n klemverskuiwing om op onlangse ervaring en probleme rondom dieseloudits op plase te kan reageer.

Ek is nie ‘n regs kundige nie, en hierdie dokument is nie regsadvies nie. Dit is wel so duidelik as moontlik in gewone taal geskryf, en as u op enige gronde daarvan verskil, is u meer as welkom om met my te gesels. Ek bly oop vir oortuiging, veral as ons die dokument en rabateis-uitkomst uiteindelik so kan verbeter. Ek het die volgende hooggeregshof-uitsprake en een appélhof-uitspraak gebruik om my te lei:

- SARS vs Langholm Farms (Appélhof 2019)
- Umbhaba Estates vs SARS (2021)
- Canyon Resources vs SARS (2023)
- Mbali Coal vs SARS (2023)
- Glencore Merafe Venture vs SARS (2024)
- Dankie Oupa Delwery vs SARS (2024)
- JPJ Naude vs SARS (2025)
- Sandbaken Boerdery vs SARS (2025)

Die patroon hier is dat SARS tipies in die hof wen. Ons weet wel nie hoeveel sake buite die hof geskik word nie, maar as u ‘n hofsak begin en SARS besluit om te verdedig, is u kanse op ‘n oorwinning glad nie goed nie. As u van enige ander hofsake of feite bewus is wat meer of beter lig op die onderwerp kan laat skyn, sal ek dit waardeer as u my daarvan laat weet.

Ek verstaan dat u waarskynlik glad nie van die boodskap gaan hou nie – verstaan net asseblief dat dit hier oor SARS se reëls en hulle toepassing daarvan handel (soos ook in verskeie hofsake uitgelig). Ek verstaan al te goed dat dit administratief naby aan onmoontlik is om aan al die vereistes te voldoen, tensy u ‘n daadwerklike en volgehoue poging van stapel gaan stuur.

Laastens: Die feit dat SARS u voorheen toegelaat het om “weg te kom” sonder ‘n handgeskrewe “usage logboek” beteken nie dat die reëls of die wet verander het nie. Dit beteken bloot dat SARS se ouditeure voorheen nagelaat het om aan die eng vereistes van die wet te voldoen, spesifiek ten opsigte van trekkers en implemente soos stropers en spuite, wat tipies meesal op kwalifiserende aktiwiteite gebruik word. Die relatief nuwe storie wat ons hoor, is dat ‘n trekker byvoorbeeld vir toelaatbare aktiwiteite soos ploeg gebruik kan word, maar ook vir nie-kwalifiserende aktiwiteite soos vervoer van arbeid, en daarom moet die individuele ritte of werksessies in groot detail te boek gestel word. Ons ervaar byvoorbeeld ook dat DIESELFDE inspekteur wat twee jaar gelede ‘n audit deurgelaat het, nou heeltemal andersom optree, met DIESELFDE hoeveel inligting en logboeke by DIESELFDE boerdery. Verstaan dus asseblief dat die spelreëls van hier af vorentoe baie strenger toegepas gaan word.

U word dus voor ‘n eenvoudige keuse gestel: (1) versterk uself administratief sodat u die reëls noudeset kan nakom, of (2) hou op om vir die dieselrabat te eis. As keuse (1) bykomende administratiewe uitgawes meebring, moet u dit met die bedrag aan dieselrabat wat u kan eis vergelyk, sodat u ‘n sinvolle besluit kan neem. Verstaan asseblief dat enige ander benadering ‘n groot risiko van mislukking met oudits en gevolglike finansiële verlies inhou.

Wat gebeur tydens 'n tipiese dieseloudit:

SARS wil elke stap van die proses waardeur diesel verkry en verbruik word, agterna kan verifieer. Dit begin by die aankoop van diesel met 'n GELDIGE BTW-faktuur uitgemaak AAN DIE BOERDERY wat die rabat gaan eis, aflewering van diesel OP DIE PLAAS, die uitreiking ("dispensing") tot binne-in 'n voertuig of implement, en laastens dan die verbruik daarvan deur die betrokke voertuig of implement. SARS begin tipies deur na geldige afleweringsnotas te kyk, ten einde te bevestig dat die diesel wat geëis word, wel OP DIE PLAAS afgelewer was (dit sluit dus outomaties diesel uit wat u self met 'n dieselkarretjie in die dorp gaan volmaak of wat u langs die pad by 'n vulstasie aankoop – die wet beskryf die "OP DIE EIENDOM" gedeelte baie spesifiek).

Die volgende stap in die proses is die uitgooi in voertuie of implemente – die "storage/dispensing logbook". Hierdie logboek hou rekord van afleweringsoos hierbo beskryf, en hou ook rekord van elke geleentheid waarby diesel aan 'n spesifieke voertuig of implement verskaf word. SARS wil die volgende hier kan sien – aanhaling uit Skedule 6 tot die wet: "Storage logbooks should reflect DETAILS of distillate fuel purchases, source thereof, how dispersed/disposed and purpose of disposal."

SARS se voorbeeld van hoe die "storage logbook" daar moet uitsien, bevat die volgende hoofde:

- Date: (hierdie is die datum waarop die fisiese aflewering of uitgooi van diesel gebeur)
- Opening balance reading (litres): Hoeveel diesel is in die massatenk voor ons begin
- Invoice number: Selfverduidelikend
- Invoice date: (wat meesal van die datum in kolom 1 sal verskil)
- Litres received: Hoeveelheid per afleweringsnota in die massatenk gelever
- Opening balance plus receipts (litres): Totaal in tenk na aflewering
- Date: (eintlik 'n herhaling van die eerste datum-kolom)
- Litres disposed: Hoeveelheid in voertuig of implement gegooi
- Disposal to: (vehicle/implement/unit) – watter voertuig of implement
- Purpose of disposal (e.g. ploughing) and indicate if eligible or non-eligible: Waarvoor gaan die diesel gebruik word.
- Opening balance plus receipts minus disposals: Wat is oor in die massatenk

Hierdie lyk na 'n mondvul maar dit is alles redelik eenvoudige inligting en nie onmoontlik om aan te voldoen nie. SARS het in verskeie oudits skriftelik bevestig dat hulle Africlock aanvaar as 'n "dispensing logbook" en, as u die afleweringsoos en dipstoklesings volgens ons instruksies inlees en natuurlik die ondersteunende dokumentasie soos belastingfakture en afleweringsoosnotas veilig bewaar, behoort hierdie logboek normaalweg nie probleme te skep nie.

Die derde aspek, en deesdae ook by verre die grootste en mees algemene probleem met oudits, handel oor "usage logbooks" wat 'n logboek PER VOERTUIG OF IMPLEMENT beteken – die logboek by die dieselpomp is NIE voldoende hiervoor nie. Hoewel ek nêrens in die wet 'n verwysing na "handgeskrewe" logboeke kry nie, dring SARS in die praktyk aan dat spesifiek die "usage log book" 'n handgeskrewe logboek moet wees. Die hofuitsprake het in die algemeen ook groter waarde aan oorspronklike handgeskrewe dokumente geheg as aan verdere moontlike elektroniese verwerkings daarvan. Hulle argument is dat 'n elektroniese logboek oop is vir wysiging of aanvulling en dus nie op sy eie 'n "brondokument" kan wees nie.

SARS se eie voorgestelde formaat van die “usage logbook” bevat die volgende kolomopskrifte:

Received from storage facility/unit: Dit verwys na die massatenk waaruit die diesel ontvang is, en daar word verwag dat die transaksie ‘n ooreenstemmende inskrywing in die “storage logbook” sal hê.

- Date Received: Ontvangsdatum van diesel uit massatenk
- Received from storage unit number: Naam/nommer van massatenk
- *Quantity received (litres)*: Selfverduidelikend

Diesel used: Dit verwys na die hoeveelheid diesel ontvang en/of verbruik met die betrokke transaksielyn, wat ooreenstem met ‘n enkele werksessie of geleentheid of rit

- Type of vehicle/machine: Trekker/vragmotor/stroper/spuit ensomeer
- *Opening balance of distillate fuel in vehicle/machine*: Liters in tenk by aanvang van rit/werksessie
- *Vehicle registration number/machine serial number*: Selfverduidelikend
- Opening km/hour meter/engine hour: Selfverduidelikend
- Closing km/hour meter/engine hour: Selfverduidelikend
- Total km/hour meter/engine hour used: Sluitlesing minus openingslesing
- Total quantity of distillate fuel used (Litres): Dit is die hoeveelheid liters VIR DIE WERKSESSIE gebruik – dit beteken ons moet uitvind hoeveel diesel in die tenk oor is of op ‘n ander manier bepaal hoeveel liters tydens die HUIDIGE WERKSESSIE gebruik is. Ek keer direk hieronder weer terug na die absurditeit van hierdie punt.

Balance after use/Unused balance left in vehicle after use: Dieselfde opmerking as hierbo – hoe moet mens dit bepaal? Dit is moeilik of onmoontlik om hierdie te doen – min voertuie of implemente se tenks is toeganklik vir ‘n dipstok, en die vlakmeter op die instrumentepaneel (as dit bestaan) is hoogstens ‘n rowwe aanduiding. Africlock se stelsel (indien u die individuele ritte-funksionaliteit gebruik) doen ‘n pro-rata berekening vanaf die uurmeter of odometer om hierdie tussenin-brandstofvlakke te bepaal. Sien die bespreking verderaan rondom absurde of onpraktiese vereistes in die wet – dit raak erger!

Specific eligible activity performed: Ploeg/plant/stroop

Non-eligible activity performed & litres used: Bv Werkers vervoer

When activity performed: Datum maar geen tyd?

Where Activity performed: Plaasnaam? Blok? Nie ‘n duidelike vereiste in die wet nie

Total for eligible litres: Liters gebruik vir die spesifieke rit of werksessie – hoe op aarde moet ons dit bepaal? Een manier sou wees om die trekker of voertuig na elke gebruik te hervul, maar hierdie is sekerlik nie oral prakties nie. Die naaste wat ons in Africlock hieraan kan kom is om ‘n pro-rata berekening te doen, gebaseer op die odometer- of uurmeterlesings.

As u op hierdie punt reeds op moedverloor se vlakke is, is u nie alleen nie. Om dit te vererger, het die appélhof in SARS vs Langholm Farms (2019) soos volg geredeneer:

But a court may not, under the guise of a concern to avoid absurdity, ignore the clear language of a provision simply because of any perceived harshness or lack of wisdom. Nor may it construe the provision in a manner that the language does not permit, for *in so doing it is improperly substituting its will for that of the lawmaker*.

Dus: Die voorgestelde formaat van SARS is myns insiens beslis onrealisties, onprakties en selfs absurd, gegewe wat ons weet van die geletterdheidsvlak van 'n tipiese plaaswerker. SARS se eie voorgestelde formaat is 'n A4-bladsy wat op sy kant gedraai is om al hierdie kolomme in fyn druk te kan inpas. Ek wil sover gaan om te sê dat die tipiese matrikant probleme gaan ervaar om die dokument behoorlik in te vul, en dat enigiemand, hoe geleerd ook al, gaan sukkel om die haas onmoontlike te doen, naamlik presies te bepaal hoeveel diesel vir die spesifieke werksessie of rit gebruik is. Die naaste wat ons hieraan kom in Africlock is die pro-rata berekening soos hierbo beskryf.

Ek kon wel ook duidelik uit die onderskeie hofsake aflei dat die hof nie pedanties was oor die presiese uitleg of inhoud van die logboek nie, maar dat dit daaroor gaan dat die logboeke genoeg inligting bevat om te kan sien dat daar van elke liter boekgehou is op so 'n wyse dat mens kan bepaal of dit in ooreenstemming met wetsvoorskrifte hanteer en verbruik is. SARS se voorgestelde formaat is myns insiens nie deel van die wetgewing nie, en op SARS se eie webwerf staan daar "Draft" en "Effective date TBA (to be advised)" wat beteken dat dit tans ten beste bedoel is as 'n voorstel of hulpmiddel, en nie as wet nie.

Wat ek dus wil voorstel is dat mens 'n effens meer praktiese formaat van logboek gebruik om die individuele ritte of werksessies op rekord te plaas. Die gedagte is dan dat mens die inligting op die handgeskrewe logboek oordra na iets soos Excel of Africlock, wat dit dan verwerk en in die voorgeskrewe formaat van SARS weergee. Sodoende verander ons die drywer se taak van heeltemal onmoontlik na moeilik, maar darem wel moontlik.

Ek wil ook baie sterk **aanbeveel dat hier administratiewe hulp vir die drywers** beskikbaar moet wees – iemand wat die vereistes beter verstaan en wat die drywers fisies bystaan met die invul van die logboeke. Sodoende kan hulle hopelik **mettertyd** self leer om die logboek meer akkuraat en volledig te kan invul. As hierdie nie gedoen word nie, kan u maar weet dat die logboeke nie op standaard gaan wees nie, en dat dit waarskynlik 'n mislukte oudit tot gevolg gaan hê. U moet die koste en moeite van sulke **administratiewe hulp vergelyk** met die bedrag aan dieselmateriale wat u kan terugeis, om te bepaal of daar 'n kostevoordeel aan verbonde sal wees.

My voorgestelde formaat, ingevul met 'n paar tipiese voorbeelde, lyk so:

Diesel usage logbook: Business or farmer name: ABC Farming Enterprises (Pty) Ltd

Vehicle registration: XYK 836 GP Description and type: Massey Ferguson tractor

Date	Time	Name or number of bulk storage tank	Litres received from storage	Opening km/hour meter reading	Closing km/hour meter reading	Specific activity performed	Where activity performed	Purpose/ Primary product	Driver or operator signature
4 Jun 2025	07:00	Main tank	120,5	1010	1018	Ploughing (AA)	Soetfontein blok A	Maize	Koos
5 Jun 2025	07:00		Nil	1018	1020	Ploughing (AA)	Soetfontein blok B	Maize	Koos
5 Jun 2025	09:30		Nil	1020	1025	Planting (AA)	Soetfontein blok A+B	Maize	Koos
6 Jun 2025	07:00	Tank no. 2	129.3	1025	1033	Baling of hay (IJJ)	Mooifontein	Cattle	Jan
9 Jun 2025	07:00		Nil	1033	1036	Dam wall repair(RR)	Mooifontein	Dam maintenance	Jan

Ter wille van duidelikheid: **Rooi rekords** is 'n kombinasie van hervulling ("dispensing") by die hooftenk PLUS dieselgebruik, en **groen rekords** is net suiwer dieselgebruiksrekords ("usage logs").

Skedule 6 Deel 3 van die wet bevat 'n lys van AL die aktiwiteite waarvoor diesel in die landbou-omgewing teruggeëis mag word. Hierdie is die ENIGSTE toelaatbare items – as u iets doen wat nie hier verskyn nie, mag u NIE daarvoor eis nie – dit maak nie saak hoe mens daarvoor voel nie – as dit nie in die lys is nie, gaan SARS dit terugskryf. U moet dus seker maak dat die beskrywing in die logboek duidelik genoeg is dat SARS kan verstaan watter van die toelaatbare items betrokke is. Hou in gedagte dat SARS se inspekteur potensieel NIKS van landbou weet nie – so, ons moet dit so maklik en duidelik maak as wat ons maar kan. My voorstel is dat mens die ooreenstemmende kodes soos AA, IJJ en RR in die voorbeeld, in die aktiwiteit-kolom byskryf. Die tipiese boerdery het nie meer as 'n handvol van die kodes nie (sien die lys op die volgende bladsy) so dit hoef nie onnodig moeilik te wees nie. As u wel Africlock gebruik, kan mens die kodes aan die vaste lys van aktiwiteite koppel en hoef dit dan nie ook op die handgeskrewe logboek aangebring te word nie.

Mens sal hierdie formaat prakties in 'n A4 of A5 A5 formaat logboek kan inbind, en as daar nie meer as so 20 bladsye per boek gebind word nie, kan die boek self teruggaan kantoor toe voordat dit flenters of onhanteerbaar vuil is.

Skedule 6 Deel 3: Lys van BOERDERY-aktiwiteite wat vir dieselrabat kwalifiseer (fyn gedruk om op een bladsy te kan pas)

- (AA) Growing crops and harvesting and storing crops on the farming property.
- (BB) Horticulture, pasturage and apiculture.
- (CC) The breeding of fish in dams and the farming of oysters.
- (DD) The breeding and caring for animals and reptiles.
- (EE) The breeding and caring for race and show horses and the transportation thereof.
- (FF) The shearing or cutting of hair or fleece of livestock, or the milking of livestock.
- (GG) The transport of livestock to a farming property for the purpose of rearing.
- (HH) The rounding up or herding of livestock.
- (IJJ) Baling of hay.
- (KK) The planting or tending of fruit trees.
- (LL) Any activity undertaken for the purpose of soil or water conservation.
- (MM) The carrying out of fire fighting activities.
- (NN) The construction or maintenance of fences.
- (OO) The construction or maintenance of firebreaks.
- (PP) The service, maintenance or repair of vehicles or equipment for use in a farming activity if it is carried out at the place where farming is carried on.
- (QQ) The construction or maintenance of sheds, pens, silos or silage pits for use in a farming activity.
- (RR) The construction or maintenance of dams, water tanks, water troughs, water channels, irrigation systems or drainage systems including water pipes and water piping for use in a farming activity carried out on the farming property.
- (SS) The carrying out of earthworks for the purpose of a farming activity, carried out on the farming property.
- (TT) Searching for ground water solely for use in a farming activity, or the construction or maintenance of facilities for the extraction of such water, solely for that use.
- (UU) The pumping of water solely for use in farming if the pumping is carried out on a farming property.
- (VV) The supply of water solely for use in farming if the supply is to a farming property and the water is supplied from that property or a place adjacent to that property.
- (WW) The storage of farming products.
- (XX) The packing, or prevention of deterioration of farming products, if the packing or the prevention of deterioration of the products is carried out on a farming property.
- (YY) Weed, pest or disease control.
- (ZZ) Hunting or trapping that is carried on as part of farming operations including the storage of any carcasses or skins.
- (AAA) Game farming, excluding leisure activities such as game viewing and lodging.
- (BBB) Generating electricity or the use of other farm equipment for domestic purposes.
- (CCC) Use of locomotives for the carriage of goods by rail on the farming property.
- (DDD) Flood management on farming property

(iii) The above activities only qualify for the refund if carried on for own primary production in farming by the user or by the contractor of the user who is contracted on a dry basis.

(iv) (aa) Where farming products or farming requirements are transported by a contractor of the user, and the distillate fuel is supplied by the user on a dry basis, the user may claim a refund in terms of item 670.04 in respect of the quantity of fuel actually used -

- (A) where such farming products are transported from the farming property to the market or first point of delivery; or
 - (B) the farming requirements are transported from the supplier's loading point to the farming property.
- (bb) No refund may be claimed in respect of any transport on a wet basis.
- (cc) Eligible use in farming includes the transportation by the user by means of own vehicles of -
- (A) farming products to any place; or
 - (B) farming requirements for use by such user from any place to the farming property.

Skedule 6 Deel 3: Lys van MYNBOU-aktiwiteite wat vir dieselrabat kwalifiseer (fyn gedruk om op een bladsy te kan pas)

(ii) The mining activities which qualify for a refund of levies must be carried on -

(aa) for own primary production by the user or by a contractor of the user who is contracted on a dry basis;

(bb) unless otherwise specified, at the place where the mining operation is carried on; and

(cc) by the holder or cessionary of the necessary authorisation granted or ceded in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No. 28 of 2002).

(iii) Own primary production activities in mining include the following:

(aa) The exploration or prospecting for minerals.

(bb) The removal of over burden and other activities undertaken in the preparation of a site to enable the commencement of mining for minerals.

(cc) Operations for the recovery of minerals being mining for those minerals including the recovery of salts but not including any post-recovery or post-mining processing of those minerals.

(dd) Searching for ground water solely for use in a mining operation or the construction or maintenance of facilities for the extraction of such water.

(ee) The pumping of water solely for use in a mining operation if the pumping occurs at the place where the mining operation is carried on or at a place adjacent to that place.

(ff) The supply of water solely to the place where the mining operation is carried on, from such place or a place adjacent to that place.

(gg) The construction or maintenance of private access roads at the place where the mining operation is carried on.

(hh) The construction or maintenance of -

(A) tailings, dams for use in a mining operation;

(B) dams, or other works, to store or contain water that has been used in, or obtained in the course of carrying on a mining operation.

(ij) The construction or maintenance of dams, at the place where the mining operation is carried on, for the storage of uncontaminated water for use in a mining operation.

(kk) The construction or maintenance of buildings, plant or equipment for use in a mining operation.

(ll) The construction or maintenance of power stations or power lines solely for use in a mining operation.

(mm) Coal stockpiling for the prevention of the spontaneous combustion of coal as part of primary mining operations.

(nn) The reactivation of carbon for use in the processing of ores containing gold if the reactivation occurs at the place where mining for gold is carried on.

(oo) The removal of waste products of a mining operation and the disposal thereof, from the place where the mining operation is carried on.

(pp) The transporting by vehicle, locomotive or other equipment on the mining site of ores or other substances containing minerals for processing in operations for recovery of minerals.

(qq) The service, maintenance or repair of vehicles, plant or equipment by the person who carries on the mining operation solely for use in a mining operation, at the place where the mining operation is carried on.

(rr) The service, maintenance or repair of transport networks for use in a mining operation, to the extent that the service, maintenance or repair is performed at the place where a mining operation is carried on.

(ss) Quarrying activities necessary solely for obtaining, extracting and removing minerals from the quarry, but excluding any secondary activities to work or process such minerals

(including crushing, sorting and washing) whether in the quarry or at the place where the mining operation is carried on.

(tt) The transport of ores or other substances containing minerals from the mining site to the nearest railway siding.

(uu) The following equipment and vehicles are regarded as forming an integral part of the mining process:

(A) Agitators. (B) Drilling rigs. (C) Hammer mills. (D) Smelters. (E) Tunnelling machines. (F) Specially manufactured underground equipment. (G) Front-end loaders. (H) Excavators. (I) Locomotives for carriage by rail of minerals or equipment.

(vv) Rehabilitation required by an environmental management programme or plan approved in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, but excluding such activities performed beyond the place where the mining operations are carried on or after a closure certificate has been issued in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002.

Skedule 6 Deel 3: Lys van BOSBOU-aktiwiteite wat vir dieselrabat kwalifiseer

In accordance with the definition of "eligible purchases", the distillate fuel must be purchased by the user for use and used as fuel for own primary production activities in forestry as provided in paragraphs (g)(ii) and (g)(iii).

(ii) Own primary production activities in forestry include the following:

(aa) Land preparation:

- (A) Clearing of land.
- (B) Ploughing, discing, hoeing.
- (C) Making of initial access roads.

(bb) Planting of land:

- (A) Transport of seedlings from nursery to plantations.
- (B) Making of planting pits, line seeding and similar activities.
- (C) Application of herbicides and fertilisation.
- (D) Follow-up activities replacing dead seedlings with new seedlings (blanking).

(cc) Maintenance of plantations:

- (A) Weeding in plantation (manual, chemical, mechanical).
- (B) Making of fire breaks, including fire control access roads.
- (C) Pruning of branches.
- (D) Thinning of trees and removal of trees.
- (E) Road and infrastructure maintenance which forms an integral part of the forest.

(dd) Harvesting of trees:

- (A) Making of extraction roads.
- (B) Felling of trees (manual with chainsaws; mechanical with equipment).
- (C) Stripping of bark off felled trees.
- (D) Stacking of felled tree timber (in field or at roadside).
- (E) Crosscutting into specified log lengths.
- (F) Extraction of timber to roadside.

(ee) Transporting of trees in a forest where they were felled.

(ff) Transporting by the user of timber to a sawmill or chip-mill that is outside the forest or plantation.

(gg) Transporting of timber logs to the nearest railway siding, from the forest or plantation.

(hh) The process of growing, cutting or carting of trees and logs.

(ij) Generating electricity for domestic use at the place where forestry is carried on.

(kk) Use of locomotives for the carriage of goods by rail in the forest or plantation.

(iii) The above activities only qualify for the refund if carried on for own primary production in forestry by the user or by the contractor of the user who is contracted on a dry basis.

(iv) The following are not regarded as activities in forestry:

(aa) Constructing, building the mill or other processing facilities.

(bb) Dressing, planing, or shaping woods, producing board.

(cc) The transport of the goods to build a road in the forest, unless it is regarded as an access road.

(dd) Milling timber at a saw-mill or chip-mill.

Africlock: Stappe om gereeld te volg

As u graag voorbereid wil wees op 'n moontlike (waarskynlike?) dieseloudit, moet u asseblief die volgende lys items nougeset doen. Ons word gedurig gekonfronteer met mense wat paniekerig raak en dan rondskarrel om skielik twee jaar se foute te probeer regstel – dit is 'n resep vir moeilikheid en hoogs waarskynlik 'n mislukte oudit.

- Aankope en afleverings van diesel – sodra aflevering geskied, moet dit ingelees word, verkieslik tesame met 'n dipstok-lesing. Hierdie is nodig om 'n deurlopende voorraadlyn te kan sien, en om aankope en gebruike te kan rekonsilieer. Die “storage logbook” kan nie werk tensy die afleverings volledig en akkuraat ingelees is nie.
- Dipstok-lesings minstens aan die einde van elke belastingperiode, maar eerder weekliks, byvoorbeeld elke Maandagoggend eerste ding. Hierdie help mens om probleme en foute te identifiseer, en is ook nodig om aankope en gebruike te kan vergelyk en rekonsilieer.
- Dieseldata vanaf pompe intrek: Minstens eenmaal per maand. Hoe meer gereeld hoe beter, omdat mens probleme dan vroeër kan raaksien.
- Byhou van “usage log books” vir ELKE voertuig en ELKE implement individueel – lees ons dokumentasie hieroor, SARS het BAIE strenger geword in hulle toepassing van die wet.
- Dieselkarretjie-transaksies met die hand inlees indien nodig. Mens kan nie dieselrabat eis op die dieselkarretjie self nie – alleenlik wanneer dit uit die dieselkarretjie na 'n trekker of implement gaan.
- Buite-aankope inlees indien enige – selfs al kan mens dit nie eis nie, is dit 'n SARS vereiste dat ALLE diesel wat in die boerdery of besigheid gebruik word, wel aangetoon word.
- Individuele ritte inlees as die funksionaliteit gebruik word. Hierdie word tans meedoënloos deur SARS afgedwing, en ons is tans (Junie/Julie 2025) besig om dit makliker te maak om te gebruik.
- Druk “diesel storage report” en kyk dat die voorraadvlak nie bokant tenkkapasiteit styg of tot onder zero daal nie. As hierdie gebeur, moet die fout gesoek en reggestel word.
- Druk “diesel usage report” en kyk dit deur vir ooglopende foute. Die drukproses self soek ook foute en sal hulle rapporteer indien gevind.

Hoe werk die formele proses of stappe van 'n dieseloudit?

- As u BTW terugbetaling nie soos gewoonlik deurkom nie, kan u maar vir seker weet dat die dieseloudit op pad is, en dat u solank kan begin om huiswerk te doen.
- Die eerste stap van SARS se kant af is die “Letter of Engagement” waarin hulle noem dat die oudit gaan plaasvind, en waarin hulle gewoonlik 'n spesifieke lysie van items noem wat hulle van u verlang. Hierdie is u eerste en beste kans om die oudit te slaag. As u nie seker is van u saak nie, is hierdie die punt waarby u hulp moet nadertrek. **As hierdie stap sleg hanteer word, word dit bitter moeilik** om die situasie later te beredder. Maak dus seker dat u ELKE item wat hulle vra VOLLEDIG beantwoord. As hulle vra vir logboeke moet u nie net Africlock se drukstukke stuur nie, stuur 'n paar voorbeelde van logboeke saam en VRA hulle of dit voldoende is. Onthou ook dat SARS se mense hierdie goed ELKE DAG doen en al u slim planne is alles ou nuus vir hulle. Die mense binne SARS wat die oudits doen is nie daarop uit om u vas te trap nie – maar daar word van hulle verwag om ooreenkomstig interne riglyne te werk. Doen dus moeite om dit vir hulle maklik te maak om u oudit deur te laat.
- Die volgende stap van SARS se kant af is die “Letter of Intent to Assess” waarin hulle die resultaat van die oudit uiteensit. Hierdie is ook gewoonlik die punt waar mens 'n onaangename verrassing kry, en waar die opsies minder begin word. Dit is baie belangrik om te verstaan dat hierdie regtig die laaste kans is om die oudit op 'n goeie spoor te kry – en dan ook net as daar spesifieke goed is wat genoem word soos gebrekkige logboeke en dies meer, waar mens dan bykomende bewyse kan probeer lewer. Onthou ook dat as u op hierdie punt besluit om hulp in te roep, is die geleenthede om die proses reg te draai alreeds beperk.
- As u nie die proses in reaksie op die “Letter of Intent to Assess” omgedraai kry nie, is die volgende stap dat SARS 'n “Letter of Demand” stuur – op hierdie punt is die koeël eintlik deur die kerk, en het SARS besluit hulle is nie oortuig van die meriete van u saak nie.
- As u op hierdie punt beswaar wil maak, moet u binne 30 dae skriftelik appél aanteken, en dit word dan deur 'n interne appélkomitee van SARS verder hanteer. U moet duidelik verstaan dat u kanse op sukses hier beperk begin raak, tensy die aksyns-ouditeur regtig drooggemaak het. Onthou dat elke oudit deur 'n kwaliteitsbeheer-proses gesig word voordat u die “Letter of Demand” ontvang, so dit is nie maar net een persoon wat sleg geslaap het wat die probleem met u oudit veroorsaak nie – dit is baie meer waarskynlik dat u antwoorde gebrekkig was.
- As u appél ook misluk, is die volgende stap om SARS hooggeregshof toe te vat. U kanse op sukses hier is steeds nie goed nie (ek het na 'n klomp sake gekyk en SARS wen gewoonlik). Verder word dit nou 'n duur storie – as die hofsak teen u draai, word u waarskynlik ook vir SARS se regskoste verantwoordelik gemaak, so ons kan baie vinnig aan die verkeerde kant van 'n miljoen Rand draai.
- U kan wel ook die belasting-ombudsman nader voordat u hof toe gaan, en dit werk wel in sommige gevalle. Ons aanbeveling bly steeds om eerder vroeg in die proses moeite te doen met rekordhouding en logboeke – dis waarskynlik minder moeite en beslis minder stresvol.

ALGEMENE MISVERSTANDE EN WANBEGRIPE

Hierdie is voorbeelde van algemene misverstande rondom eise. Die meerderheid van hierdie voorbeelde is van SARS self afkomstig – u kan dus gerus wees dat hulle dit sal herken.

“Algemene boerdery” of “Primêre produksie” as enigste beskrywing van ‘n **aktiwiteit**: Hierdie baie algemene sonde is beslis nie volledig genoeg om aanvaarbaar te wees vir SARS nie. Hulle wil presies weet WAT met die diesel gedoen is, en ook WAAR en WAAROM dit gedoen is, ten einde aan die vereistes van die wet te voldoen. Die probleem met iets soos “Primêre produksie” is dat dit maklik misbruik kan word as ‘n tipe vangnet vir enige aktiwiteite wat nie noodwendig werklik te doen het met primêre produksie nie. SARS self noem hierdie spesifieke twee klassifikasies in hulle inligtingsvergaderings as voorbeelde van goed wat NIE werk nie. As u ten spyte van hierdie advies dus voortgaan om hierdie (of soortgelyke) items te gebruik moet u beslis probleme verwag.

Vermenging van aktiwiteite: Die wet word baie streng toegepas wanneer gemengde aktiwiteite plaasvind. As u byvoorbeeld ‘n kragopwekker het wat krag voorsien aan ‘n pakhuis op die plaas, is dit toelaatbaar omdat dit die primêre produksieproses in die pakhuis ondersteun. As dieselfde kragopwekker (met dieselfde diesel) dan ook krag aan die woonhuis en/of arbeidershuise voorsien, kelder dit die geldigheid van die eis ten opsigte van die pakhuis, en daar is nie uitkomst nie. SARS se argument is dan bloot dat daar nie ‘n manier bestaan om sonder twyfel te bepaal hoeveel diesel deur die pakhuis gebruik is, en hoeveel deur huishoudelike kragvoorsiening nie. Die gebruik van beramings of persentasies word GLAD NIE aanvaar nie. Hierdie beginsel van “geen beramings of persentasies” geld REGDEUR die administrasie van die dieselterugbetalings.

Die 80/20% beginsel: Die feit dat slegs 80% van die “eligible litres” toegelaat word vir berekening van die terugbetaling, het GEEN verband met enigiets anders nie. Die 20% wat nie uitbetaal word nie, is NIE daarvoor bedoel om voorsiening vir privaatgebruik te maak nie. Die wet omskryf bloot dat 80% van die diesel wat vir primêre produksie aangewend is, geëis mag word. Ek vermoed dat dit bedoel is om voorsiening te maak vir daardie geleenthede waar voertuie wel op die pad gaan terwyl hulle byvoorbeeld produkte mark toe neem. Die wet word egter tot die letter toegepas.

Buite-aankope van diesel: Twee probleme: Die tipiese vulstasie-strokie is nie ‘n volledige BTW faktuur soos deur die wet vereis nie (naam en adres of BTW-nommer verskyn tipies nie daarop nie), en die tweede probleem is dat SARS uit beginsel nie hierdie buite-aankope aanvaar vir eisdoeleindes nie. Hulle kan moontlik op regsgronde aangevat word oor die beginsel, maar u sal waarskynlik bereid moet wees om die saak tot in die hof te neem. My voorstel sou wees dat die vragmotor langafstand-tenks moet hê om die terugrit ook te kan doen, of u kan seker ook ‘n drom met brandstof saamstuur as dit in u geval die moeite werd sou blyk te wees.

Hou van logboeke met individuele ritte gespesifiseer: SARS dring baie sterk aan dat u ‘n logboek van individuele ritte hou vir elke voertuig waarop u van plan is om die dieselmag te eis – en dit word meer onlangs ook op landbou-toerusting soos trekkers, stropers en spuite afgedwing. Terloops: As die voertuig leeg (of met ‘n onsinnig klein hoeveelheid boerdery-benodigdhede gelaai) terugloop, mag u nie daarvoor eis nie. Die wet beskryf hierdie situasie spesifiek – slegs ritte met boerdery-produkte NA die mark, en slegs ritte met boerdery-benodigdhede TERUG NA die plaas mag voor geëis word. Kyk ook die vorige hofie oor diesel wat langs die pad ingegooi word, en lees verderaan in die dokument oor logboeke vir padvoertuie.

Dit is duidelik dat SARS strenger omgaan met padvoertuie soos bakkies en vragmotors as wat hulle byvoorbeeld sal doen met enkeldoel-**toerusting soos stropers**, spuite en selfs trekkers, waar die beweging op die pad ongereeld en eintlik bloot toevallig gebeur. 'n Enkele inskrywing vir 'n stroper vir een hele dag sal waarskynlik maklik deurgaan, terwyl dieselfde vir 'n vragmotor waarskynlik bevraagteken sal word.

U het basies twee keuses hier: Eerstens kan u besluit om glad nie die dieselrabat vir bakkies of vragmotors te eis nie. As hierdie voertuie nie 'n groot persentasie van u bedryf uitmaak nie, is dit 'n keuse wat moontlik sinvol kan wees. Tweedens het u die keuse om wel 'n logboek te hou, en dan geld sekere standaarde daarvoor, soos elders in hierdie dokument beskryf.

Let ook daarop dat aktiwiteite soos rondry op die plaas ter wille van toesighouding nie sonder meer as primêre produksie geag sal word deur SARS nie. Daar waar u byvoorbeeld saad aanry na 'n planter sal dit geldig wees, maar as u dorp toe ry vir sake sal SARS dit nie toelaat nie. Ek is van mening dat mens nog die moeite kan doen om tipiese “plaasbakkies” se diesel te eis, maar dat dit nie die moeite werd is om die boer of plaasbestuurder se dubbelkajuit-bakkie te eis nie, bloot as gevolg van die verwagte kompleksiteite rondom die logboek hiervoor, sowel as die intensiteit van boekhouding wat vereis word.

Kontrakteurs: Dit staan u vry om kontrakteurs te gebruik om werk namens u te doen, byvoorbeeld grondvoorbereiding of stroopwerk. Die kontrak moet as 'n sogenaamde “droë kontrak” opgestel word, met ander woorde die kontrakteur voorsien nie self diesel nie, maar gebruik diesel wat u aan hom voorsien uit u massatenk. Verder is dit noodsaaklik dat u die kontrakteur se voertuie presies soos u eie hanteer, met ander woorde, elke voertuig moet apart in u stelsel gelys word en die diesel wat aan die kontrakteur voorsien word, moet per voertuig uitgereik word. As die kontrakteur 'n dieselkarretjie het waarmee hy diesel by u kom afhaal, moet hy dan steeds ook per voertuig boekhou, anders gaan SARS die eis waarskynlik afwys.

Uurmeters/odometers: SARS het geen vaste reëls hieroor nie. Die toets sal wees of u “reasonable and proper records” hou. My vermoede is dat, omdat iets soos 'n kragopwekker nie normaalweg met 'n uurmeter toegerus word nie, dit nie redelik van SARS sal wees om dit te vereis nie. Dit beteken egter ook dat, as u trekker se uurmeter uit orde is, u iewers hiervan sal moet werk maak. Mens kry goedkoop elektroniese urmeters (rondom R400 elk) wat gebruik kan word as die trekker se uurmeter nie meer werk nie.

Fabrisering van logboeke: SARS is baie deeglik bewus daarvan dat mense “wakkerskrik” met die ontvangs van 'n kennisgewing dat SARS hulle gaan oudit, en dat daar in hierdie proses dan soms logboeke gefabriseer word. Met ander woorde: U skep 'n logboek om by u eis te pas, eerder as om die oorspronklike eis op grond van 'n bestaande logboek in te dien. Hierdie word in 'n baie ernstige lig beskou en kan selfs tot vervolging lei, as SARS van mening is dat die eindresultaat is dat die fiskus hiermee bedrieg word. Dit is ook waarom die logboek (selfs as dit met die hand geskryf is) steeds deel moet vorm van die groter prentjie wat u totale boerdery-aktiwiteit daarstel.

Ter opsomming: SARS sal slegs die eis laat slaag as hulle onder die indruk verkeer dat u redelike en korrekte rekords hou, en dat u aan al die wetlike vereistes voldoen. U optrede en rekords moet dus nie wantroue wek nie, en u moet beslis ver wegby van die sondes wat hulle self maklik herken.